Vierde uitgawe - 2009

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

Koeda is a Japanese word meaning: 'Graceful branch'.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Pieter Du Plessis 083 965 2729
- Onder voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Mariaan Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer, Ben Kruger, Martin Kruger

Enige idees, artikels of terug-voering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by:

jaco.kriek@af.aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur.	1
Meeting 6 June	2
Hiroshima	3
Vergadering 1 Augustus	4
Lede Profiel	5
Brat sponsered dig	6
Versorging na oorplanting	7
Snippets	8

Van die Redakteur.

Beste bonsai vriende

Die somer is hier! Of is dit? Ek onthou jare wanneer ons diep in September nog erge koue gekry het, maar laat ek nou nie 'n doemprofeet wees nie.

Vir baie van ons is dit nou 'n baie besige tyd, sover dit ons bonsai aangaan. Baie bome word nou oorgeplant. Hetsy omdat dit hoog tyd is en omdat hy homself al uit die bak groei en dringend nuwe grond nodig het, of net omdat jy daardie baie mooi bak vir 'n spesifieke boom gedurende die winter gekoop het.

Daar is op bladsy 7 bietjie raad vir die versorging van bome nadat dit oorgeplant is. Die lente en somer is 'n opwindende tyd vir baie van ons. Die lekker en mooi van nuwe blaartjies of selfs blomme. Die lekker van beplan vir dalk 'n nuwe ontwerp. Die lekker van weer 'n voedingsprogram volg. Geniet dit!

Thank you very much to Ivone Figueiredo who wrote the report on the meeting of 6 June when members made their own bonsai pots. I hope to show the finished products sometime.

I went on my first official Brat dig and really enjoyed it a lot. But then I also couldn't help wondering about the ethics of digging possibly 150 plus trees in a day. But maybe more about that in a next edition. I hope to report in a year or two on the progress of members trees dug that day.

Ek hoop julle geniet die groei seisoen en die belewenis by die kai.

ONTHOU die KONVENSIE!!

Bonsai groete

Jaco.

"The art of bonsai lies not in what the plant is but in what it suggests" - George Hull

Meeting of 6 June - By Ivone de Figueiredo

Chilly Activity - Bonsai Pot Making

On 06 June, quite a few Kai members braved a chilly Saturday, for the opportunity to learn how to make their own bonsai pots. The meeting started early to ensure that all interested could complete their pot, and the excitement in the room was palpable.

Wally Weber started with a short discussion on bonsai pots styles and classical bonsai pot dimensions. The pot width was discussed (generally 2/3x, if x is the length of your tree is a good ration ensuring good balance), and pot depth (generally, 2/3y, if y is the width of your tree's stem/trunk). However, as was discussed, not all styles would work in this manner (e.g. Literati), and our South African species prefer a deeper pot, as they dry out very quickly. This led to the conclusion that making your own pot is also an individual undertaking and you should make something that you like.

Although several techniques were discussed, two pot making techniques were demonstrated - the slab (mould) method and the coil pot method. After this training from Wally, and some assistance from Jan (van Loggerenberg) to get everyone going, everyone was champing at the bit to play with the clay.

Amateur potters were so eager, that work surfaces were in short supply, some people ending up working in the kitchen. Most people started their pot on a slab and built up the walls with coils. Wally was in high demand throughout the afternoon, helping all the amateur potters complete their pots.

It seems that everyone enjoyed the experience. What was encouraging was that all ages were represented (pre-school, school-goers, employed and pensioners) and that all styles of pots were made, and all very individual.

All the working wet clay hands meant that the day ended decidedly chilly for some, but everyone seemed satisfied with the results and happy to go home to warm up.

For R 40.00 per kilogram of clay, the Rhoda Henning Pottery will add the feet to the pot, fire it in the oven and glaze fire it with each amateur potter's colour of choice available. Wally will bring the completed pots to the Kai on 05 September.



Thanks Wally, for sharing your knowledge and making our June meeting so hands-on for all age groups.

Hiroshima



Op die oggend van 6 Augustus 1954 gooi 'n Amerikaanse bomwerper vliegtuig 'n atoom bom op die stad Hiroshima in Japan. Die bom ontplof omtrent 600 meter bo die stad en vee alle geboue in 'n radius van 5 tot 6 kilometer plat. Een honderd duisend Japanese sterf onmiddelik en net soveel sterf later van brand en ander wonde. Hierdie gebeurtenis eindig effektief die tweede wêreld oorlog.

Omtrent 3 kilometer van die middelpunt van die ontploffing woon die Yamaki familie. Die gesin was in hul huis toe die ontploffing plaasvind en alhoewel almal sny wonde opdoen as gevolg van glas stukke wat deur die lug vlieg, doen nie een wonderbaarlik ernstige beserings op nie. Buite in die tuin was 'n klein kommersiele bonsai kwekery en privaat versameling van Mnr Masaru Yamaki. Die versameling staan agter 'n hoë muur en oorleef ook verstommend hierdie ontploffing. As deel van hierdie versameling is 'n "Japanese White Pine" van 375 jaar oud en 105 cm hoog.

Een en dertig jaar later word hierdie boom saam met ander, as deel van Japan se tweehonderjarige gedenkdag, deur Japan aan die Amerikaanse mense geskenk. Die geskenk was om Amerika te bedank vir die hulp met die heropbou van Japan na die verwoesting van die tweede wêreld oorlog, en as teken van vrede. Masaru Yamaki was baie trots dat sy boom deel van hierdie geskenk was. Mnr Yamaki het nadat sy boom in Amerika by die "U.S. National Arboretum" aangekom het gaan kyk na die uitstalling. Die boom word huidiglik uitgestal by die "National Bonsai & Penjing Museum".

Die geskiedenis, en die feit dat hierdie boom die atoombom ontploffing oorleef het, het eers in 2001 bekend geword nadat twee van Mnr Yamaki se kleinseuns na die boom gaan kyk het by die "National Bonsai & Penjing Museum". Die boom was as geskenk gegee voordat hulle gebore is. Die kleinseuns het later bevestig dat die "White Pine" van die eiland Miyajima kom wat net suid van Hiroshima is. "Japanese White Pine" afkomstig van Miyajima is baie waardevol omdat hulle baie skaars is.

Die "Yamaki Pine" is waarlik 'n testament vir vrede en ons is gelukkig om die wonder van hierdie boom se oorlewing te ken. ♣

Japanese White Pine by Masaru Yamaki

As a living art form, bonsai brings about a profound appreciation of the beauty of nature. The shared joy and love of nurturing a small part of nature in a bonsai will form a common bond among people worldwide - Saburo Kato

Vergadering van 1 Augustus 2009

Christa Vermaak en Org Exley het met ons gepraat oor blomspesies geskik vir bonsai. Christa het gepraat oor die Azalea as bonsai en het 'n paar voorbeelde gewys wat in blom was. Sy sê dat omdat die Azalea so 'n sagte vroulike plant met mooi blomme is is vrouens veral lief vir die Azalea. Sy het die volgende met ons gedeel uit haar ondervinding met die Azalea.

Hulle verkies suur grond. Jy kan Engelse sout oor die grond strooi. Hulle groei baie maklik van steggies. Duncan Wiles het gesê dat mens 'Vanilla Essence' kan gebruik in die plek van 'rooting hormone' om steggies te laat vat. Sommige Azalea spesies maak nogal mooi herfs of winter kleure in die blare. Die takke is baie 'brittle' en breek maklik as bedrading gedoen word. Sny liewer drade af as om dit af te draai. As jy snoei moet jy sorg dat daar blare is wat oorbly op die tak anders vrek hy soms. Christa sê dat sy sodra die blomme afgaan al die blomme sowel as al die blare afhaal. Hy loop dan weer mooi uit en jy hoef baie min te snoei. Met uitplant haal sy al die grond af. Azalea se wortels wil nie van een grondmengsel na 'n ander groei nie. Duncan het gesê dat dit help om van die ou grond met die nuwe grond te meng. Die beste tyd om oor te plant is nadat hy geblom het en voordat die nuwe blare uitkom.

Hulle het bykans geen peste of plae nie. Christa vind dat hulle ewe goed in son of skadu groei maar dat die wortels daarvan hou om koel te bly. Hulle hou van voeding, iets soos Hydrangea voeding is goed. Met die regte behandeling kan Azalea amper heel jaar blom. Die ronde kroon of bosserige styl is die geskikste, sodoende is die blomme die beste.

Org het oor vyf spesies gepraat. Die Cotoneaster is baie soos die Pyracantha (Firethorn) maar sonder dorings.Hou van vol son maar moet beskerm word teen baie warm son asook teen ryp. Voed elke twee weke in groei seisoen. Oorplanting elke jaar net voor hy bot. Kan drasties terug gesnoei word. Geskik vir amper enige styl. Granaat – maak baie blomme. Moenie dat al die blomme vrugte maak nie, kies net so drie of vier. Die takke breek maklik, bedrading moet dus versigtig gedoen word. Verkies vol son. Beskerm teen ryp. Oorplant elke twee jaar. Hy hou van voeding. Groei maklik van steggies, saad en 'air layer'. Bougainvilla – Beskerm teen ryp, hou in vol son.Hou aan die droë kant vir maksimum blomme. Grond moet goed dreineer. Dooie hout moet behandel word teen verotting. Groei maklik van steggies. Crabapple – Takke verdik vinnig. Moenie dat al die blomme vrugte maak nie. Hou van baie water. Oorplanting net voordat hy bot. Snoei takke na een of twee blare terug. Groei van ou hout steggies en air layer. Gee twee weekliks voeding totdat hy blom. Pyracantha (Fire thorn) – Hou van vol son. Baie gehard, ook teen koue.Oorplanting elke 2 – 3 jaar.Takke word vinnig hard en moet gevorm word terwyl hulle jonk is. Kan in meeste style gemaak word. Oorplanting in die lente.

Lede Profiel - Edwin Morgenrood

Oom Edwin is ’n man van 81 jaar oud. Hy sê dat hy na die oorlog vir drie jaar geboer het waarna hy ’n melkonderneming in Pretoria begin het. Hierdie onderneming het hy vir 56 jaar gehad totdat hy in 2000 afgetree het. Oom Edwin is al 57 jaar getroud met tannie Louisa. Hulle het 5 kinders uit die huwelik.

Oom Edwin sê dat een van sy tweeling dogters in 1967 eendag by die huis gekom het en vertel het dat hulle die dag by die skool van bonsai geleer het. Wat sy geleer is was om ’n lemoen in die helfte te sny, die binnegoed uit te krap en dan met grond te vul. Dan plant jy ’n klein boompie daarin. Wanneer die boompie se wortels dan deur die lemoen se skil groei sny jy dit net heeltyd af en so maak jy ’n bonsai. Oom Edwin en sy dogter het dit toe gedoen met ’n Privet en dit was wat sy belangstelling in bonsai geprikkel het. Oom Edwin het vandag nog daardie eerste Privet waarmee hy begin het in die lemoen, dit is die een op die foto van hom. Hy het toe in 1973 by die Pretoria bonsai kai aangesluit en is vandag nog lid. In die begin jare by die kai was oom Theuns Roos en Charles Ceronio sy mentors, van wie hy baie geleer het in die kuns.

Hy sê dat die lekker van bonsai is dat jy van jou probleme en spanning vergeet wanneer jy in die aand by die huis kom en tussen jou bome is. Hy het dit veral ervaar terwyl hy nog sy melkonderneming gehad het. Oom Edwin het so 200 bome. Hy het al die top tien en top vyf toekennings by BRAT gekry vir van sy bome. Sy een Olienhout is ook in die begaafde boek “Gold Awarded Penjing of the World” opgeneem. By die onlangse “World Bonsai Friendship Federation” foto kompetisie het ’n Privet van hom ook ’n toekenning gekry.

Oom Edwin sê dat hy al sy bome eweveel geniet en nie ’n gunsteling boom het nie. Hy beoefen ook al die style en laat die boom hom lei na ’n gepaste styl. Hy werk met baie soorte bome maar geniet die Olien en Wilde vye veral. Hy verloor ook nog soms ’n boom. Hy lag lekker as hy sê dat hy al baie braai gehou het met die hout van sy dooie bome.

Ander belangstellings in sy lewe is ou motors. Hy was al lid van die Pretoria Motorklub. Hy het opleiding in meganiese ingenieurswese gehad, vandaar sy belangstelling in enjins en meganika.

Oom Edwin was in die begin jare van die Pretoria bansai kai die sekretaris en was vir baie lank verantwoordelik vir die aankoop van bakke en gereedskap. Hy sê dat dit ’n groot werk was. Eers moes hy vanaf ’n katalogis die bestellings by lede kry, dan vir invoer permitte reël, dan die geld stuur en dan met afwagting wag vir die lewering. Daar was groot opgewondenheid wanneer die bokse afgelewer is en oopgemaak is om te sien hoe als lyk wat bestel is.

Oom Edwin sê dat een van die hoogtepunte in sy bonsai beoefening was om saam met ander lede van die kai ’n konferensie in Los Angelos te kon bywoon. Hy besit ook hier by die 150 bonsai boeke. Hy sê dat hy nog steeds leer van bonsai. Jy kan nooit als leer nie en hy leer by elke vergadering nog iets. ♣

BRAT Sponsored Dig

About 100 members participated in the BRAT sponsored dig at Losperfontein outside Brits. Quite a few members of the Pretoria Bonsai Kai also participated. The parking for cars was in an old mielie field next to the bush. A Porta Potty was assembled for use by participants.

The bush wherein the trees were dug was very dense and the plus minus 100 members disappeared into the bush looking for the "perfect" bonsai. There were many Wild Olive, Combretum, White Stinkwood, Scotia, Deurmekaarbos and many other species to be dug. The bush is being cleared for agriculture and in time the bulldozers will move in.

There are no clear footpaths in the bush so people had to work their way through thorns and branches and many (like Louis Nel) ended up with scratches and bleeding arms.

The soil, or rather black turf / clay, was very hard to dig. I regretted not taking labor along (like many members did) and only managed to dig myself one fairly small Wild Olive for the day. This is also due to me being totally unfit. Next time I will know better. Some members did manage to dig up to eight very nice trees with very good future potential.

Lunch was served in the form of hot dogs and a cold drink—sponsored by BRAT.

From what I could see, a great time was enjoyed by all attendees and many nice trees were dug. Thank you to BRAT and Johann Esbach for organizing the dig site. ♣

Versorging na oorplanting

By baie demonstrasies en werkswinkels is dit algemeen om drastiese snoei en styl werk te doen en dan terselfdertyd die boom oor te plant. Dit is nie altyd so goeie ding om te doen nie. Die buig en bedrading van takke rig groot skade aan die "xylem" en "phloem" wat die water en voeding via die takke na die blare vervoer. As ons dan nog aan die wortels ook sny vererger ons hierdie vervoer van water en voeding. Die kombinasie van wortels snoei en die skade aan die "xylem" en "phloem" kan tot gevolg hê dat die boom van sy takke verloor, of kan selfs doodgaan. Dit is dus raadsaam dat wanneer daar aan die takke gebuig en bedraad word die boom nie oorgeplant of die wortels gesny word totdat die boom herstel het nie, gewoonlik die daaropvolgende lente.

More trees are killed by poor aftercare than by the actual repotting process.

Baie literatuur gee ook die raad om, nadat die boom oorgeplant is, die boom eenmaal goed nat te maak en daarna nie gou weer nie. Dit hang natuurlik af van die grond mengsel wat gebruik word. Indien jy humus / kompos ryke grond gebruik is dit natuurlik waar, want hierdie tiepe grondmengsel hou baie vog, soos 'n spons. Indien die grond dus te nat bly kan jy die gevaar loop dat die wortels vrot. Indien jy egter 'n growwe groei medium gebruik is dit moontlik dat tot soveel as 25% van die mengsel met lug vervang word kort na benatting. Wortel vrot is dus onwaarskynlik en kan jy dus maar water gee sodra die grond lyk of dit aan die droë kant is. Onthou dat 'n boom wat heeltemal droog is binne ure kan vrek maar om vrot wortels te kry vat dae of weke.



Die versorging van 'n boom wat oorgeplant is is krieties binne die eerste maand of twee na oorplanting, om te verseker die boom oorleef. Die vermoë van die boom om water op te neem word baie beinvloed deur oorplanting. Dit is dus van uiterste belang om te sorg dat die boom nie onnodige vog verloor deur sy takke nie, veral met immergroen bome. Dit is een tyd in die lewe van 'n boom waar 'n "green house" baie kan help. Die "green house" het 'n baie hoë humiditeit en daarom is daar omtrent geen vog verlies deur die boom self nie. Daar is ook nie winde in 'n "green house" wat vog verlies veroorsaak nie. Enige iets wat ons dus kan doen om hierdie toestande na te boots sal ons oorgeplante boom help. Plaas dus jou boom in 'n beskutte posisie waar hy nie wind kry nie. Jy kan selfs 'n tydelike muur of versperring oprig waaragter die boom kan staan. Dit is ook raadsaam om die boom in die skaduwee te hou.

Wanneer die boom uiteindelik uit sy beskutte posisie verwyder word moet dit gelydelik plaasvind. Dit moet beslis nie op 'n snik hete warm sonskyn dag gebeur nie. Die ideaal is om twee of drie dae van halfbewolke weer te kies of om die boom gelydelik oor 'n paar dae van skadu na son te skuif. Slegs wanneer die boom tekens wys dat hy goed groei kan hy weer permanent in vol son geplaas word. ♣

Snippets

Motivering: Onder links is hoe ’n “English Elm” gelyk het in 1994 toe die boom in die veld uitgehaal is. Regs is dieselfde boom in 2007. Die eienaar is Graham Potter.

’n Kollega van my se ouers boer naby Vryheid in Noord Natal en hy het vir my hierdie foto gegee van Wilde vye (Ficus Natalensis) wat al om die skaap kraal bo-op die muur groei. Hy sê vandat hy kan onthou as kind was hulle daar. Miskien kan iemand vir ons ’n nuwe bonsai styl ontwikkel en dit dalk iets soos die kraalmuur styl noem?

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.